

GESKIEDENISGOD OF GOD VAN DIE GESKIEDENIS ?

DIE lesing wat prof. W. H. Velema onlangs voor die GTV in Pretoria oor die moderne teologie gehou het, het opnuut die verwoestende werk van die historisme blootgelê. Die historisme is direk of minder direk verantwoordelik vir die meeste „moderne” teologiese probleemstellinge en teologieë: vir die kwessie van „inhoud en verpakking”, vir die „tydsgebondenheid” van die Skrif, vir „gemeente-teologie” vir die teologieë van die rewolusie, die hoop ens.

Die historisme kan heel kort getipeer word as daardie geestesstroming wat die historiese aspek van die werklikheid verabsoluteer. Alles lê ingebed in die stroom van die geskiedenis: die natuur, die kultuur in al sy fasette (taal, kuns, wetenskap, ekonomie, tegniek ens.), en selfs die mens met sy godsdiens, sedelikheid, wêreldbeeld en begrip van homself! Aan die stroom van die tyd ontkom niks en niemand nie; die geskiedenis relatiewer alles en almal. Die geskiedenis is egter ook (veral sedert Hegel) progressief gesien. Daarom weet ons dit vandag beter as Paulus! (Vgl. die diskussiestuk oor Homofilie van die GKN wat ook op die tafel van die Nasionale Sinode van die Geref. Kerk in S.A. was.)

Die historisme het veral in die negentiende eeu beslag gekry, maar het gegroei uit die historiese denke en belangstelling in die geskiedenis, wat reeds in die agtiende eeu sigbaar word en teruggevoer kan word na die rasionalisme van die Verligting met sy kritiese houding teenoor die tradisie van die leer en gebruike van die kerk. Dié kritiese houding is later op die geskiedenis oorgedra. Die ontwaking van die historiese bewussyn in die agtiende eeu word baie duidelik geopenbaar in die werk van J. S. Semler en van Lessing. Semler, die vader van die histories-kritiese metode in die teologie, het duidelik die geleidelike ontwikkeling van die bybelse kanon aangetoon. Vir hom was die kanon nie meer 'n dogmatiese begrip nie maar 'n historiese begrip. Hy het op dieselfde wyse die historiese toevalligheid van die formulering van die dogmas aangetoon en krities teenoor die leer van die kerk gestaan. Dié kritiese houding word ook op die Bybel toegepas: alleen dit wat tot morele verbetering van die mens dien, is van goddelike oorsprong, maar die inkleding van die boodskap van Jesus en die apostels, wat aangepas was by die behoeftes van hulle hoorders, het vir ons geen betekenis meer nie. Lessing het nog veel erger as Semler die Skrifbeskouing van die Ortodoksie ondergrawe. Hy toon aan dat die Christendom ouer is as die Bybel en aanvanklik wat prediking en leer betref, op die reël van die geloof gebaseer was. Vir hom was die Christendom essensieel 'n historiese godsdiens. In *Nathan der Weise* (1779) behandel hy die vraag na die ware religie en konkludeer dat alleen hý 'n ware gelowige is wie se hart vol is van verdraagsaamheid en menseliefde — of hy nou Jood, Mohammedaan of Christen is, maak nie saak nie! Die wysgerige teenhanger van hierdie drama is *Die Erziehung des Menschengeschlechts* (1777—1780), waarin hy die ontwikkeling van die godsdiens skets vanaf

die fetisjisme oor die Jodendom, die Christendom tot by die godsdiens van die deug. In 'n ander werk kom die bekende stelling voor dat die toevallige waarhede van die geskiedenis nooit die bewys kan wees van die noodwendige waarhede van die verstand nie. Dit beteken dat die waarheid van die godsdiens nie deur uitwendige middele bewys kan word nie; dat die geloof dus nooit kan rus op historiese bewyse nie maar slegs op die eie verantwoordelikheid. Die enigste bewys van die waarheid (geloof) is dié van die gees en van krag.

Die belangstelling in die verlede het in die Romantiek van die negentiende eeu intensiewer geword. Dit wat ver is (in verlede en toekoms) is geïdealiseer. So lui die intensiewe belangstelling in die geskiedenis van volk en taal (vgl. die Schlegel-broers!) tot die ontwaking van die nasionale bewussyn en tot die verskillende nasionale „skole” in die kuns van die vorige eeu. 'n Ander uitloper van die historiese bewussyn was die ewolusionisme van Darwin. Wat die historisme egter so kompleks maak is die feit dat die historiese denke spoedig ontwikkel het in 'n *metode* van wetenskaplike navoring op alle terreine. In die teologie is die klassieke voorbeeld hiervan die werk van Ernst Troeltsch. Hy meen dat, teenoor die „dogmatiese metode” met sy beroep op gesag, die „suiwer historiese metode” in die teologie gevolg moet word. Dit moet eerlik, deeglik en volkome objektief gedoen word, sonder inagneming van die gevolge. Hierdie moderne historiese refleksie bestaan volgens Troeltsch in 'n suiwer wetenskaplike houding teenoor feite want geskiedenis is 'n suiwer teoretiese wetenskap. Hy beskryf dan die historiese metode met drie sleutelwoorde: analogie, kritiek en korrelasie. Op grond van die *analogie* van die gebeure wat ons ken (en ook in ons binneste waarneem) probeer ons deur simpatieke begrip die verlede te verklaar en te rekonstrueer. Hierdie analogie van wat voor ons oë ook binne in ons plaasvind, is die sleutel tot *kritiek* op bestaande tradisies en korreksie van algemeen aanvaarde opvattinge oor die geskiedenis. Omdat ons opmerk dat dieselfde prosesse en verskynsels werksaam is in die verlede sowel as in die hede, kry ons ten slotte 'n insig in die integrale kontinuïteit van die stroom van die geskiedenis wat voortdurend voortbeweeg. Alle historiese gebeure staan dus in 'n kontinue *korrelatiewe* relasie; dis 'n stroom waarin alles onderling verbonde is en elke voortgang kousaal verbonde is aan ander gebeurtenisse. Hieruit is dit duidelik dat daar vir Troeltsch geen „metafisiese ingryping” van God en dus geen bonatuurlike gebeurtenisse kan bestaan nie. Alle historiese gebeure is immers homogeen van aard en rus op die homogeniteit van die menslike gees en van die mens se optrede in die geskiedenis.

As metode het die historiese denke spoedig 'n sekere selfstandigheid teenoor die filosofiese en teologiese sisteme van die Verligting verkry en kon dit die ineenstorting van die wêreldbeskouing van die Verligting oorlewe. Daarom is die historiese denke nog springlewendig as die rasionalisme van die Verligting deur die subjektivisme van die Romantiek verplaas word. Trouens, in die negentiende eeu gaan hierdie metode van krag tot krag — in die

idealisme, die positivisme en later in die vitalisme! Dit kry konkrete lewensbeskoulike gestalte in die historisme (Dilthey, Troeltsch), en vier in ons eeu sy grootste triomf in alle vertakkinge van die wetenskap, ingeslote die teologie. Geen wonder dus dat B. Lohse in sy Dogmageskiedenis sê nie: „The rise of historical thinking is one of the greatest movements in the intellectual history of mankind”.

Slegs enkele, meesal beperkte strominge aan die begin van ons eeu was vry van die invloed van die historisme: die vroeë neo-realisme, die logiese atomisme van Russel en Wittgenstein, die logiese positivisme van die „Wiener Kreis”, die vroeë neo-thomisme en die vroeë fenomenologie. Vandag is dit veral die analitiese filosofie (in al sy variasies) en die strukturalisme (wat sedert die vyftigerjare veral in Frankryk opgang maak onder Lévi-Strauss en Foucault) wat uitgesproke a-histories is.

Die vraag is nou: kan en moet ons toegee aan die historisme? Mens kan nie met ’n oorspanne geskiedenisbegrip teologie beoefen nie — dit het die fatale „resultate” van die histories-kritiese metode duidelik geleer.

Hoe kan ons dan die historisme bestry? Kan die analitiese filosofie of strukturalisme hier help? Mens kan ook nie met ’n oorspanne logikabegrip teologie bedryf nie — die onsinnege „eksegese” van Van Buren het afdoende bewys dat eksegese nie deur ’n positivistiese taalanalise vervang kan word nie. Wie dit wil doen is soos ’n dokter wat ’n pasiënt wil opereer, nie met ’n sjirurgiese mes nie maar met ’n handbyltjie. Of die strukturalisme enige vrugbare toepassing in die teologie en in besonder in die eksegese sal vind, is vanweë die weinige pogings wat in hierdie koers tot dusver onderneem is, nog nie duidelik nie. Waarskynlik sal dit nie die geval wees nie, omdat ons hier met ’n immanente kultuurfilosofie te doen het met ’n sterk psigologiese inslag (nes by die historisme van Dilthey met sy „Einfühlung” en Troeltsch met sy metode van analogie). Dit lyk dus by voorbaat uitgesluit dat die strukturalisme in sy metode van analise ooit ’n oog kan hê vir die transendente van die openbaring.

Bowendien sit ons met die ellende dat die analitiese filosofie, die strukturalisme en die historisme met hulle onderskeie metodes ons onherroeplik in die waters van die pluralisme en relativisme laat beland. Troeltsch het dan ook uitdruklik gesê dat die Christendom sy aanspraak op absolutheid moet laat vaar.

Maar kan ons die golf van historisme wat ons eeu oorspoel, ontvlug? Dit help nie om te vlug na die analitiese filosofie of na die strukturalisme nie. Dit help ook nie om te vlug in die Uebergeschichte (Barth) of in die eie eksistensie (Bultmann) ten einde die kern van die bybelse boodskap aan die verwoestende werking van die historisme te probeer onttrek nie. Dit is die verdienste van Pannenberg dat hy ernstig met hierdie vraag worstel en diepgaande besin oor die uitgangspunt, metode en doel van die teologie. Hy het die sogenaamde „neutrale” metode van die historisme as „bloot wetenskaplik en objektief” ontmasker as alles behalwe objektief en neutraal: agter die metode van Troeltsch skuil ’n hele hoop antropo-

sentrisme en humanisme. Pannenberg self wil die historiese metode gebruik sonder om in die positivisme van die histories-kritiese metode van die historisme te verval. Vanuit hierdie bepaalde hoek val daar veel te waardeer in Pannenberg, hoewel mens in ander opsigte ernstige besware teen sy opvattinge kan inbring.

Ons kan alleen die historisme suksesvol ontvlug as ons 'n skerp insig kry in wat hier werklik gebeur. Die geskiedenis word verabsoluteer; die tyd word vergoddelik („God is die toekoms”) en dan veral die allesomvattende historiese proses, wat uitdrukking van die tyd is. Hierdie geskiedenisgod is self nog „in wording” en relatiewe alles en almal tot historiese toevallighede of noodwendige historiese gevolge van historiese oorsake. Met die kousaliteitsprinsipe word alles verklaar. Alles is „tydgebonde”, verbygaande, verganklik en daar is niks wat uit die mag van die geskiedenisgod kan ontsnap nie; daar is niks wat „tydloos”, „ewig”, altyd geldig en waar is nie.

Ons sal teenoor die geskiedenisgod pertinent die God van die geskiedenis moet stel en verkondig en aan Hom vashou. Ons sal die verkapte afgodery moet ontmasker en die tyd nie vergoddelik nie maar as deel van die geskape werklikheid sien. God staan bo die tyd en Hy openbaar Hom in die tyd, in die geskiedenis. Prof. Velema het in sy lesing tereg daarop gewys dat ons aan die openbaring moet vashou. Die openbaring kom van bo af, gaan in die tyd in (God openbaar Hom in die geskiedenis) sonder om deur die tyd gerelativeer te word. 'n Tydlose openbaring sou sonder adres wees omdat dit buite die begripsvermoë en ervaringsveld van die mens sou val. Aan die anderkant sal 'n „tydgebonde”, relatiewe openbaring die openbaring en die Woord en die werk van die Gees aan die mag van die tyd (geskiedenis) uitlewer. Die Woord en die Gees transendeer die tyd na agter („Hy sal julle herinner aan alles wat Ek gesê het”) en na voor (Hy is die „onderpand”).

Ons sal egter ook daarteen moet waak om die openbaring nie te versmal tot die besondere openbaring nie en óók nie die openbaring só te verbreed dat eintlik net die algemene openbaring behou word nie. In lg. geval is die gevaar om openbaring en geskiedenis te *identifiseer* beslis nie denkbeeldig nie. Die onderskeiding tussen algemene en besondere openbaring is heel aktueel en metodies onontbeerlik.

Die historisme kan nie die openbaring „van bo af” erken en honoreer nie. Troeltsch gee dit self toe as hy erken dat „dogmatiese uitgangspunte” nie die historiese metode verdra nie. Dit is noodwendig so want die historiese word hier vergoddelik en daarmee is die immanente tyd transsendent vergoddelik en kan daar nie bo die tyd nog 'n transsendente God wees nie. Dit geld vir alle -ismes. Gevolglik moet die openbaring volslae vertydelik en gerelativeer word as iets immanents. Die positivistiese histories-kritiese metode kan dus per definisie nie die openbaring as openbaring verdiskonteer nie, maar dit los dit op in 'n historiese belewenis waaruit skepping en voleinding geprojekteer word. Hierdie metode is dus teologies ondoenlik.

In plaas daarvan om alles wat vandag teologies opgedis word,

te sluk is 'n kritiese analise van die grondslae van die strominge *agter* die teologie nodig (wat behels „geskiedenis“? wat sit daaraan vas?) en 'n besinning op die eie uitgangspunte en metodes. En as ons van die geloof uitgaan, omdat die openbaring ons hart geraak het, laat ons dan maar rustig die beskuldiging van „subjektivisme“ aanhoor. Die pot kan die ketel nie verwyf nie. Dit geld nie net teoloë en teologieë nie maar alle wetenskappe. Die gevaar dat die teologie vanweë sy subjektiewe geloofsuitgangspunt om dié rede nie met die ander wetenskappe 'n gesprek kan voer nie, is 'n valse probleemstelling. Alle wetenskappe word beoefen vanuit voorwetenskaplike uitgangspunte wat 'n geloofskeuse impliseer en is in dié sin subjektief! Hiertoe is hulle metodes ook diensbaar. Trouens, die eienaardige is dat 'n bepaalde lewensbeskouing gewoonlik een bepaalde metode óók verabsoluteer as die enigste wat mag geld. Nou kan 'n metode op sigself seker in sommige gevalle betreklik „neutraal“ wees. Hoe jy dit hanteer en wat jy daarmee wil bereik, hang af van jou voorwetenskaplike stellingname (vgl. Paulus, wat dieselfde metode van argumenteer as die rabbyne gebruik, maar telkens — uit die Skrif! — by 'n ander konklusie uitkom as hulle!).

Of ons in die teologie, vanweë sy aard en uitgangspunt, aan één bepaalde metode alleen gebonde moet wees, en of ons, omdat ons die verskeidenheid in die kosmos erken ook van 'n verskeidenheid van metodes vrugbaar gebruik kan maak (bv. die logiese, taalkundige, historiese) binne die verband van jou uitgangspunt en sonder om één te verabsoluteer — dááror sal nader besin moet word.

Dit is geen abstrakte, akademiese kwessie nie maar raak die miskienning wat sy lig oor die hele lewe moet laat val.

L. F. Schulze.